# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL, ONDERSOEKMETODE EN BEGRIPSOMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

## 1.1 INLEIDING

Dit is praktyk dat leerlinge vanaf ongeveer 13-14 jaar, óf op grond van ouderdom óf op grond van akademiese prestasie een of ander vorm van gedifferensieerde sekondêre onderwys ondergaan. So wys onder andere Fourie (1974:3 en 149-151) op die organisering van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel wat voorsiening maak vir die opvoedkundige behoeftes van elke leerling, te wete die verskeidenheid vakke, vakpakkette en vakvlakke, asook die onderskeie sekondêre studierigtings en tipes sekondêre skole. Omdat die leerling binne 'n bepaalde gemeenskap onderwys ontvang en as gevolg van die funksies van die formele onderwys, geskied onderwysvoorsiening binne 'n bepaalde onderwysstelsel (Van Heerden, 1983:1).

Die gedifferensieerde onderwys plaas in terme van die verskeidenheid studierigtings, vakkeuses en vakpakkette 'n finansiële las op die onderwysstelsel. So blyk dit dat rasionalisering van die onderwyspersoneel en die skoolkurrikulum verandering noodsaak (Anon, 1990:3).

Soos wat die gemeenskap en ook die beroepswêreld bepaalde veranderinge ondergaan, moet die onderwys ook verander (Beukes, 1988:20-21; Geo-Jaja, 1989:79). Dit noodsaak voortdurende evaluering van die bestaande onderwysstelsel in die RSA (Wolder, 1980:1-2).

Aan die mens van die negentigerjare wat hom in 'n tyd van snel veranderende omstandighede op ekonomiese, kulturele,

sosiaal-maatskaplike, politieke, tegnologiese en beroepsterrein bevind, word besonder hoë eise gestel. Die vraag na hooggekwalifiseerde mannekrag en 'n opgeleide arbeidsmag impliseer dat daar reeds in die primêre skool tyd ingeruim moet word om die kind daarop voor te berei.

Die skool as formele instelling het die verantwoordelikheid om die kind, in ooreenstemming met die norm- en waardesisteem van die gemeenskap waarbinne die kind hom bevind, op te voed en te onderrig ten einde 'n sinvolle bestaan vir hom te verseker (RGN, 1981:45; Nelson-Jones, 1983:1-3).

Die kompleksiteit van die lewenswerklikheid kan daarom deur sowel die ouerhuis en skoolgemeenskap as die kurrikulêre, buite-kurrikulêre en ko-kurrikulêre skoolprogramme, maar spesifiek ook binne die beroepsleidingprogram, vir die jeugdige georden word (Van Heerden, 1983:1-4).

In samewerking met die onderwys kan die sakewêreld kurrikula hervorm deur betrokke te raak, nie net by beroepsleiding van eie personeel nie, maar ook deur aan te dring op meer beroepsgerigte en toepaslike onderwys. Voorts kan die sakewêreld help om fasiliteite en die infrastruktuur te finansier wat vir sodanige onderwys benodig word (Nasser, 1990:14).

Binne die totale onderwysopset is die daarstelling van gebalanseerde mense-materiaal, wat voldoen aan die kriteria vir volwaardige burgerskap, 'n noodsaaklikheid. Die onderwys moet mannekrag voorsien om te voldoen aan die hoogste vereistes wat gestel word met betrekking tot onder meer arbeidsverhoudingsvraagstukke (Anon, 1990:7).

Waar dit in die onderhawige studie gaan om die evaluering van die beroepsleidingprogram, sal daar gepoog word om vas te stel in welke mate die teorie en praktyk van die beroepsleidingprogram soos geïmplementeer deur die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) met mekaar versoen word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die feit dat die opvoedkundige leidingprogram van die primêre skool medebepalend is vir die leerling se st 5 kursus- en vakkeuses, bring mee dat die primêre skool 'n beroepsleidingfunksie behoort te vervul (Gous en Jacobs, 1980:62-72; Lewies, 1981:87-91; Joubert, C.J., 1985:13-15). Die waarde van 'n verantwoordbare opvoedkundige leidingprogram (wat die beroepsleidingprogram insluit), word weerspieël in die primêre skoolleerlinge se keuses ten opsigte van vak- en sekondêre skoolkeuses (Vgl. Gous en Jacobs, 1980:60-61 en ook Kruger, 1977:162-165).

Die sekondêre skool het op sy beurt 'n meer spesifieke beroepsleidingfunksie (Marais, 1988:344-345). Die jongmens se beroepskeuse word geëvalueer in die uitkoms van sy vak-, kursus- en studierigtingkeuse, asook sy skolastiese prestasie in samehang met sy persoonsbeeld (Buck en Barrick, 1987:29; Marais, 1988:346).

Na die skool word die waarde van die opvoedkundige leiding weerspieël in die jongmens se beroepslewe. Dit bring mee dat die leerling as't ware gekonfronteer behoort te word met ontdekking, bevestiging en handhawing van die self en die skoolsituasie wat op sigself die beroepsituasie voorafgaan (Van Coller, 1987:380; Liebetrau, 1987:108-112). Die kwaliteit van die werk wat in die beroepsleidingprogram gedoen word, het verreikende gevolge op die kind in sy latere volwassenheid (Garbers, 1961:13-15; Van Coller, 1987:381). Uiteraard het dit ook 'n invloed op die land se mannekrag en ekonomie (DOK(AV), 1990:17). Ernstige tekorte aan geskoolde mannekrag op alle vlakke benadeel tans die verdere ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie (DOK(AV), 1990:41-42).

Uit verwante navorsing deur skrywer (1983) en Booysen (1981), het dit geblyk dat skoolhoofde en departementshoofde: opvoedkundige leiding enersyds nie akademies behoorlik toegerus is vir hul taak met betrekking tot die primêre skool se opvoedkundige leidingprogram nie, en andersyds verplig voel om as gevolg van departementele beleid, dit op die skoolrooster aan te dui (Van Heerden, 1983:162-201; ook Booysen, 1981:121-143). Gevolglik kom opvoedkundige leiding nie tot sy reg in die primêre skool nie. Die vraag kan gestel word of dieselfde tendense ten opsigte van die beroepsleidingprogram in die sekondêre skool bestaan (Wolder, 1980:113-159; RGN, 1981(a):93-94).

Wat die beroepsleidingprogram betref, wys Watts en Sampson (1989:34-40) daarop dat in toenemende mate verantwoording van beroepsdienste deur opvoedkundige inrigtings gevra word om effektief en doeltreffend diens te lewer. Effektiwiteit kan gemeet word aan die hand van spesifieke aktiwiteite binne die program, byvoorbeeld -

* vlakke van die "beplanningsproses";
* meetbaarheid van hierdie vlakke aan die hand van insette en uitkomste; en
* interne teenoor eksterne evaluering.

Op sigself behoort dit 'n invloed te hê op die kwaliteit van die beroepsleidingprogram van die sekondêre skool (Van Rensburg, 1983:153-159; ook Jacobs, 1983:33-38). Joubert (1983:1) stel dit dat daar in die RSA en in die Westerse wêreld "geen sprake van beroepsvoorligting as 'n selfstandige vakgebied in eie reg is nie. Dit word bloot gekenmerk deur vanselfsprekendheid en alledaagsheid en daar word maar stilswyend volgehou met die gewone gang van sake wat 'n aanduiding is van 'n uitgelewerdheid aan onbepaaldheid en gevolglik vervallendheid."

Navorsing deur Beukes (1985:22-27) toon dat baie skoolverlaters onkundig is oor toekomstige studie- en beroepsgeleenthede. Skrywer het in die praktyk ervaar dat leerlinge in die senior sekondêre skoolfase onseker is oor hul beroepskeuse en dat heelparty aan die einde van hul skoolloopbaan nog nie tot 'n beroepskeuse gekom het nie.

Beroepskeuse is die gevolg van 'n ontwikkelingsproses wat ook gepaard gaan met die jeugdige se algemene ontwikkeling (Weinrach, 1979:123-124; Joubert, 1984:233).

Uit die literatuur blyk dit dat daar 'n verband bestaan tussen die leerling se selfbeeld, sy moontlike beroepsbeoefening en die kwaliteit van die beroepsleiding wat hy ontvang het (Smith, 1979:292; Joubert, 1984:232-233). Die skool moet hom vergewis van die noodsaaklikheid van 'n goed beplande, weldeurdagte beroepsleidingprogram (De Beer, 1980: 148-150).

Beroepsleiding moet onder andere gerig wees op gedifferensieerde mannekraglewering (Joubert, 1983:16; Liebetrau, 1987(a):1; Beukes, 1988:21-23). Die tegnologie noodsaak juis differensiasie in die beroepslewe (Beukes, 1985:11-21; Kowitz & Kowitz 1971:53). Op sy beurt vereis die beroepslewe weer gedifferensieerde opleidingsinrigtings, toelatingsvereistes en so meer. Sodanige differensiasie sal dan, benewens persoonsgeskikthede, ook oor beroepsgeleenthede handel (Joubert, 1984:236-244; Lewies, 1981:9-11; Marais, 1988:346). Dit is daarom nodig dat die onderwyservoorligter hom op die hoogte stel van die beroepskeuse waarvoor die jeugdige homself bevind (Grobler, 1985:216-217; Van Coller, 1987:382-384; Garbers, 1961:82-86).

Die volgende vrae kan ten opsigte van die beroepsleidingprogram in die sekondêre skool van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) gestel word, naamlik:

(1) Voldoen die huidige beroepsleidingprogram van die TOD aan die vereistes (van onder andere effektiwiteit en relevansie) wat aan so 'n program gestel word - met ander woorde, voorsien dit in die leerling se loopbaangeoriënteerde behoeftes?

(2) In welke mate word daarin geslaag om die doelwitte van die beroepsleidingprogram te bereik?

(3) Watter moontlike riglyne kan gestel word om 'n meer doeltreffende loopbaanoriënteringsprogram daar te stel?

## 1.3 DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek het ten doel om -

(1) aan die hand van opvoedkundige kriteria, soos dit uit die literatuur blyk, 'n objektiewe evaluering van die huidige beroepsleidingprogram binne die opvoedkundige leidingprogram in Transvaalse sekondêre skole te maak;

(2) te bepaal of daarin geslaag word om die doelwitte van die program te bereik; en

(3) om indien dit sou blyk dat daar leemtes in die gemelde program voorkom, riglyne te ontwerp in 'n poging om 'n doeltreffender loopbaanoriënteringsprogram daar te stel.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie ondersoek val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem om daaruit die noodsaaklikheid van beroepsleiding aan te toon. Hieruit is die teoretiese grondslag van hierdie ondersoek geformuleer.

Daar is ook gepoog om 'n verwysingsraamwerk daar te stel waarvolgens die beroepsleidingprogram in Transvaalse sekondêre skole, aan die hand van opvoedkundige kriteria, evalueer kan word. Die literatuurstudie is ook onderneem om metodes te vind wat as basis vir die verkryging en verwerking van die empiriese data kan dien.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Benewens die literatuurstudie is inligting by wyse van 'n vraelys versamel, verwerk en sal ontledend aangebied word.

Die owerhede van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Potchefstroomse en Vanderbijlparkse kampusse), die Universiteit van Pretoria, die Randse Afrikaanse Universiteit, die Technikon Pretoria, die Technikon Witwatersrand en Vaaldriehoekse Technikon, is genader om 'n verteenwoordigende groep inwonende eerstejaarstudente beskikbaar te stel vir voltooiing van die vraelys wat vir hierdie ondersoek ontwerp is.

Die probleem is vanuit die perspektief van die eerstejaarstudente benader, te wete die moontlike probleme wat hulle op skool ervaar het ten opsigte van beroepsleiding en die implikasies daarvan op hulle beroepskeuse. Die inhoud van die beroepsleidingprogram sal in diepte ontleed word.

## 1.5 BEGRIPSOMSKRYWING

### 1.5.1 Opvoedkundige leiding[1)]

Skoolvoorligting oftewel opvoedkundige leiding is 'n integrale deel van die skool se totale opvoedkundige program (Van Hoose et al., 1973:44; Alberts, 1976:23). In dié lig moet opvoedkundige leiding beskou word as 'n wetenskap waar die voorligtingsprosedures en -tegnieke tred moet hou met die nuutste ontwikkelings en behoeftes. Dit verg doeltreffendheid, betroubaarheid en geldigheid van die voorligtingsprosedures (Van Hoose et al., 1973:44; Van der Walt, 1979:15). Opvoedkundige leiding staan in 'n direkte verhouding tot die totale opvoedingstaak, naamlik optimale ontwikkeling van die individu (DOK(AV), s.a.(a): 2-3).

Die klem in opvoedkundige leiding op die primêre skoolvlak val op die voorkomende aard daarvan. Hoewel remediëring en terapie noodsaaklike fasette van opvoedkundige leiding in die primêre skool uitmaak, moet die beginsel van kontinuïteit en voorkoming nie as van mindere belang beskou word nie. Die opvoedkundige leiding moet professionele remediëringsdienste insluit sodat leer- en ander probleme vroeg identifiseer en intensiewe terapie uitgeskakel kan word deurdat die primêre skoolleerling tot 'n realistiese selfbegrip, suksesvolle aanpassing binne die groep en optimale funksionering in die skool gelei word (Steyn, 1979:13; TOD, 1978:58-59). Opvoedkundige leiding word aan die individuele leerling gebied om hom te help om homself in sy leefwêreld beter te verstaan en om hom tot optimale self-bewussyn te lei. (Nelson-Jones, 1983:2-3). Opvoedkundige leiding fokus op die individu wat self iemand wil wees en hom in

---

1) Die term "Opvoedkundige leiding" word binne die TOD vir Skoolvoorligting gebruik. Skrywer onderskryf die term "opvoedkundige leiding" om verskeie redes.

verhoudinge met ander te plaas (Nelson, 1972:5). Sonder gespesialiseerde opleiding in opvoedkundige leiding, kan die skool se onderwyspersoneel nie die individuele- en ook die persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepskeuse-probleme van die kind oplos nie (Dinkmeyer, 1972:iv). Die soort, hoeveelheid en intensiteit van die soort leiding wat die leerling benodig, hang af van die leeftydfase, die situasie en die leerling betrokke daarby (Hansen en Stevic, 1969:69-70; Muro, 1970:17; ook Naude, 1976:29 en Lee et al., 1967:118).

Dit is opvoedkundig onverantwoordbaar om byvoorbeeld van die st 7-kind te verwag om met die nodige insig sekere deskundige keuses te maak sonder die hulp en leiding van 'n deskundig opgeleide onderwyservoorligter. Die jeugdige moet begelei word om saam met sy ouers bepaalde beroeps-impliserende keuses te maak. Volgens Kruger (1977:11) maak die junior sekondêre skoolkind (st 5 tot st 7) in 'n besondere mate aanspraak op deskundige opvoedkundige leiding deur 'n akademies professioneel opgeleide onderwyser-voorligter, omdat gedifferensieerde onderwys berus op die aard, omvang en kwaliteit van die opvoedkundige leiding waarop dit steun. Die jeugdige steun op opvoedkundige leiding en oriënteer homself ten opsigte van die eise wat later aan hom gestel sal word ten einde hom te bekwaam vir sy latere beroepsloopbaan en gepaardgaande taakaanvaarding (Van Rensburg, 1979:5; Van der Walt, 1979:17).

Opvoedkundige leiding moet daarom gesien word as die voortdurende opvoedkundige bemoeienis met die individuele skoolkind (DOK, s.a.(a):2) om hom te help om homself in sy leefwêreld beter te verstaan (Van Rensburg, 1979:53). Dit vereis hulpverlening ten einde sy beroepsloopbaan-moontlikhede te herken, doelwitte te beplan en tot probleemoplossing te kom (Joubert, 1982:10-11; Muro, 1970: 16). Hieruit blyk -

(1) die kontinue aard van opvoedkundige leiding; en

(2) dat daar 'n hulpverlener en 'n hulpbehoewende binne die opvoedkundige situasie is (Van Niekerk, 1967:43-44; Groenewald, 1952:23);

(3) dat hulpverlening aan elke individu moet geskied; en

(4) die kind die doel van die opvoedkundige leiding en sy eie leefwêreld sal verstaan (Lamprecht, 1980:2; Reynolds & Wooten, 1988:7 en 10).

Wanneer die kind na selfbeskikking gelei word, moet hy op so 'n wyse met die lewenswerklikhede gekonfronteer word dat hy beroepsvaardighede sal aanleer sodat hy tot selfverwesenliking in staat sal wees (Van Rensburg, 1979:54). In hierdie verband word voorsiening gemaak vir algemene voorligting en vir beroepsleiding ten einde betekenisvol met die gemeenskap te kan integreer (RGN, 1981(a):11).

In opvoedkundige leiding word die volgende doelwitte nagesteef, naamlik om die skoolkind te oriënteer met betrekking tot

(1) 'n ware besef dat die eie lewe en menslike bestaan betekenisvol is;

(2) sy medemens en om homself beter te verstaan en te waardeer (Vorster, 1989:597-599; Van Rensburg, 1979: 54);

(3) respek vir die menswaardigheid van ander en om medelye te betoon;

(4) die maak van eties onafhanlike keuses en verantwoordelike optrede; asook

(5) outentieke optrede binne sy eie waarde-sisteem (RGN, 1981(a):12).

Volgens Kok (1979:1-4) word die kind se toekoms- en mededingingskeuse met die kwaliteit van sy skoolloopbaan ge-assosieer. Alle struikelblokke wat die kind se toekomsmoontlikhede kan benadeel, moet uit die weg geruim of minstens beperk word sodat hy geborgenheid kan ervaar (Vorster, 1989:600-601).

Opvoedkundige leiding is dan daardie professionele hulpverlening binne die skoolsituasie waar 'n gekwalifiseerde onderwyservoorligter die leerling begelei tot realistiese begrip vir sy probleme, bewusmaking van sy moontlikhede en beperkinge deur middel van sielkundig-opvoedkundige beginsels, -metodes en -tegnieke (Nelson-Jones, 1983:14). Dit sluit derhalwe handelinge in soos die aanbied van persoonlike hulpverlening, verkryging van inligting, die interpretasie en deurvoer van resultate van gestandaardiseerde media.

Opvoedkundige leiding impliseer individuele, maar ook groepvoorligting. Daar sal vervolgens kortliks na elk van die twee genoemde aspekte gekyk word.

#### 1.5.1.1 Individuele voorligting

Dit kry gestalte in persoonlike onderhoudvoering waar die onderwyservoorligter hom ten doel stel om die leerling te begelei tot eie verantwoordelikheid. Dit kan volgens Van der Walt (1979:41-49) binne die voorligtingsonderhoud geskied -

(1) op die basis van persoon-tot-persoonontmoeting;

(2) waar die een persoon op grond van sy ontwikkeling en opleiding verantwoordelikheid aanvaar om die hulpbehoewende by te staan;

(3) waar sekere behoeftes van die hulpbehoewende persoon bevredig en sy probleme opgelos moet word;

(4) waar die welsyn van die leerling van groot belang is; en

(5) waar albei deelnemers daarna streef om tot probleemoplossing te kom.

Die mate van deelname word bepaal na gelang van die omstandighede waarin die voorligting gedoen word (Nelson-Jones, 1983:4-7). Die onderwyservoorligter moet voortdurend in gedagte hou dat hy as vennoot optree en die leerling lei om self uiteindelik tot 'n keuse te kom. Dit behels -

* begrip vir en aanvaarding van die leerling se beskouinge;
* vriendelike vertroue;
* bekwaamheid om die leerling te lei;
* die belangstelling en die vermoë om probleme te identifiseer.

Dit vereis verder dat die leerling se moontlikhede in die lig van sy bepaalde unieke omstandighede ondersoek moet word (vgl. Geo-Jaja, 1989:87; Froehlich, 1958:262).

1.5.1.2 Groepvoorligting

In die groepsaktiwiteite van opvoedkundige leiding gaan dit om onder andere die aktualisering van 'n verantwoordelike beroepskeuse en die bybring van kennis ter bereiking van die opvoedingsdoelstellings (Van der Walt, 1979:4; Van Niekerk, 1980:45-46). Die onderwyservoorligter moet die opvoedingsdoelstellings in gedagte hou en

die groepsaktiwiteite so beplan dat die doelstellings nagestreef en verwesenlik sal word (Van Niekerk, 1980: 47-49; Van der Walt, 1979:25).

Veral ten opsigte van die bestudering van beroepe moet die leerling in groepverband sinvol op die beroepstoekoms gerig word (Geo-Jaja, 1989:89-90). Veral gesonde arbeidsgesindheid moet aandag geniet (vgl. Anon, 1989: 43-45) en vind juis plaas terwyl die jeugdige nog op skool is (Van Niekerk, 1980:49). Groepbesprekings bied aan die individuele leerling die geleentheid om 'n saak wat vir homself te moeilik is om alleen op te los, deur die groep op te los. Deur groepvoorligting leer die leerling om sy eie moontlikhede en beperkinge te ontdek, te verwerk en te aanvaar sodat hy sy moontlikhede met toenemende sukses kan benut. Die groepsaktiwiteite moet op individuele betrokkenheid gemik wees sodat elke leerling waarde kan put uit elke groepbespreking (Smit, 1980:13 e.v.). Dit gaan om die opvoeding van die leerling waar gepoog word om die regte arbeidsingesteldheid en leerintensie by die kind te wek; om hom te begelei tot toekomstige beroepsvolwassenheid en om hom te steun tot volle psigiese volwassenheid sodat hy uiteindelik verantwoordelikheid vir sy hele lewe kan aanvaar. (Groenewald, 1952:23; Van der Walt, 1979:5; Lefeuer, 1946:162; Smit, 1980:8-9).

### 1.5.2 <u>Beroepsleiding</u>

Beroepsleiding behels meer as net advies gee op grond van 'n reeks psigometriese toetsresultate (Garbers, 1961:22-24). Die ontwikkeling van belangstelling in 'n bepaalde beroep hang saam met identifikasie met bepaalde persone/ groepe. Volgens die verslag van die RGN-ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA se Werkkomitee nr. 7 (RGN, 1981(a):25) is beroepsleiding moontlik binne 'n omvattende georganiseerde onderrigprogram wat die leerling

help om 'n beroep te kies; hom toerus met gesindhede en kennis en hom in staat stel om sy vermoëns te ontwikkel sodat hy homself kan handhaaf in sy latere beroepsloopbaan (Holland, 1968:41; Joubert, 1985:4; Van den Berg, 1990:119). Binne beroepsleiding word die keuse van 'n beroep aan die leerling oorgelaat (Jacobs, H.T., 1982:9). Voorts is dit nodig om daarop te wys dat beroepsleiding ekonomiese realiteite en ontwikkeling, asook realistiese beroepsgeleenthede vir die leerling in aanmerking neem - veral met betrekking tot beroeps- en loopbaaninligting. Om hierdie rede is selfkennis en beroepskennis vir die jeugdige noodsaaklik ten einde tot 'n verantwoordbare keuse te kan kom. Dit verg derhalwe deeglike voorbereiding en beroepsvoorligting deur die onderwyservoorligter, asook 'n deeglike studie van beroepsgeleenthede en -moontlikhede deur die leerling (Niewenhuis et al., 1984:140-145; TOD omsendminuut 20 van 1978).

Volgens Bleau et al., (1968:60-61), is beroepskeuse die uitkoms van 'n ontwikkelingsproses wat oor 'n aantal jare strek. Hiervolgens is die beroepsvoorkeure wat in die verloop van die proses uitkristalliseer, nie die direkte determinant vir beroepstoetrede nie, (vgl. ook Kowitz & Kowitz , 1971:22). Die leerling word voor 'n belangrike en uiteindelik kreatiewe opgawe gestel in dié mate wat hy homself met 'n bepaalde lewensweg (wat hy in sy geestesoog kan sien) kan identifiseer. In sy unieke selfbelewing kan 'n eenheidsbelewing uit 'n intensionele gerigtheid groei wat weer uit sy opvoeding en ontwikkelingsgang ontstaan. Hieruit sal die jeugdige probeer om onder meer in ooreenstemming met sy begaafdheid en vaardighede dit te interpreteer (Garbers, 1961:47-53). Dit noodsaak dat daar getrag word om aan die jeugdige 'n realistiese beeld van sekere beroepe te skets, alvorens daar sprake van 'n beroepsloopbaan as taakaanvaarding deur die jeugdige kan wees. Wanneer die jeugdige dan 'n keuse maak en besef dat

persoonlike verhoudings bepalend is vir die ontstaan van gesonde arbeidsverhoudinge is daar sprake van taakaanvaarding (Garbers, 1961:60-61).

Die doel met beroepsleiding behoort nie primêr die kind met die keuse van 'n spesifieke beroep te konfronteer nie, maar moet eerder gesien word as 'n poging om die kind te begelei en te ondersteun om sodoende in staat gestel te word om op 'n wetenskaplik gefundeerde wyse 'n sinvolle beroepskeuse te kan uitoefen. Beroepsleiding is 'n integrale deel van die totale opvoedingsprogram en behels meer as net voorbereiding vir spesifieke vaardighede met die oog op 'n beroepskeuse en -toetrede (Smit, 1980:13; Thompson, 1973:113). Die jeugdige moet in beroepsleiding gelei word om homself te projekteer as lid van 'n werkende gemeenskap (Joubert, 1983:7).

Die vakonderwyser, naas die onderwyservoorligter, is medeverantwoordelik vir die begeleiding van die leerling (Joubert, 1983:8). In samewerking moet die res van die onderwyspersoneel die individuele leerling se potensiaal help ontwikkel en uitbou (Naude, 1976: 155-159). Die beroepsleidingsituasie as 'n proses (Tyler, 1953:31) verwys na waar die individuele leerling gehelp word om keuses in so 'n mate uit te oefen dat sy toekomstige ontwikkeling optimaal sal wees. Dit impliseer dat die onderwyservoorligter die leerling in sy persoonlikheidsontwikkeling steun tot volle psigiese en geestelike volwassenheid (Van Rensburg, 1979:57-59). Die kind kan alleen tot beroepsvolwassenheid kom indien hy gemotiveerd en positief ge-oriënteer is om met verantwoordelikheid, insig en begrip te besluit oor 'n moontlike toekomstige beroep (Van der Walt, 1979:24). Dit impliseer pligsbesef, arbeidsvreugde, arbeidsverantwoordelikheid en sy latere beroepsrealisering (Joubert, 1987:410-417; Lewies, 1981: 90).

Beroepsleiding is derhalwe die taak en terrein van die onderwys en opvoeding. Dit moet gesien word as die resultaat van hulpverlening en ondersteuning wat die leerling kry om sy beroepsmoontlikhede te ontdek en te begryp (Booysen, s.a.: 12-14).

Beroepsleiding, soos reeds hierbo aangetoon, impliseer meer as blote hulpverlening en steungewing aan die leerling. Waar beroepsinligting gemoeid is met die voorsiening van inligting en inligtingsfasiliteite, is beroepsleiding gemoeid met die ontwikkeling van kennis en vaardighede ten einde dit te kan toepas in die beroepskeusemoment. Bevredigende beroepsleiding kan alleen plaasvind in 'n proses van leerervarings sodat die jeugdige sy beroepskeuse kan beoordeel teen die agtergrond van sy leerervarings (Laubscher, 1977:23). In beroepsleiding word getrag om 'n beroepskeuse te beskou as 'n vanselfsprekende uitvloeisel van 'n opvoedingsbemoeienis met die kind met die oog op sy beroepsvolwassenheid (Garbers, 1961:82-83).

Die volgende aspekte van beroepsleiding verdien ook aandag:

### 1.5.2.1 Beroepsinligting

Die beroepsbeeld wat die kind in sy leefwêreld leer ken, het 'n betekenisvolle invloed op sy beroepskeuse en sy beroepsingesteldheid (Van Zyl, 1968:14-15).

Beroepsinligting is 'n integrale deel van beroepsleiding. Inligting met betrekking tot beroepe is alleen van waarde indien dit relevant, akkuraat en geïntegreerd is met die beroepsleiding wat aangebied word (Weinrach, 1979:xv; Maree, 1989:83-85).

Beroepsinligting oor bepaalde beroepe word verkry deur middel van visuele beeldmateriaal soos pamflette, bros-

jures, films en video-opnames. Uitstappies, besoeke aan werkplekke, loopbaanuitstallings en tydelike werkervaring (Steyn, 1989:382-383), asook beroepspraatjies deur spesifieke beroepsbeoefenaars in die onderskeie beroepsvelde, kan beroepsinligting verskaf.

Beroepsinligting kan in groepverband sowel as op 'n individuele basis, maar ook deur selfstudie bekom word.

### 1.5.2.2 Beroepsvoorligting

Volgens die TOD se Handleiding vir die implementering van die Opvoedkundige Leidingprogram (TOD, 1987:5), is beroepsvoorligting "daardie aspek van die opvoeding wat met die kind se beroepskeuse gemoeid is" en hang nou saam met persoonlikheids- en opvoedkundige leiding ten einde die kind te lei tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse.

Beroepsvoorligting behels dat beroepsinligting sinvol aan die leerling oorgedra word. Dit vereis enersyds deeglike voorbereiding deur die onderwyservoorligter en andersyds deeglike studie van beroeps- en loopbaanmoontlikhede deur die leerling sodat hy met dieper insig kan oorgaan tot 'n beroepskeuse en vergestalting van 'n eie beroepswêreld. Hierdie voorbereiding impliseer gepaardgaande aanvaarding en verkryging van 'n toenemende verantwoordelikheidsbesef, asook 'n positiewe toekomsperspektief. Beroepsvoorligting sluit hulp en leiding aan die leerling met betrekking tot die skool- en vakkeuses, keuse van naskoolse kursusse en beroepskeuse in.

Beroepsvoorligting moet as 'n gespesialiseerde diens beskou word, aangesien tegnologiese en industriële ontwikkeling spesialisering in die beroepsektor afdwing. Dit maak beroepsvoorligting noodsaaklik sodat die voornemende werknemer oriënteer kan word ten opsigte van

die beroepswêreld (RGN, 1981(a):14; De Bruin, 1989). Beroepsvoorligting vereis voorts van die leerling om uiteindelik tot 'n sinvolle en realistiese beroepskeuse te kom.

### 1.5.3 Loopbaanoriëntering

Volgens Gárbers (1961:1) tref mens reeds vanaf die vroegste jare 'n gerigtheid by die kind aan waarin hy hom rig op sy eie volwassenheid ten opsigte van sy toekomstige beroepsloopbaan.

Van Zyl (1968:5 e.v.) stel dit dat die kind self iemand wil wees en dat 'n beroep 'n besondere uitdrukking gee aan menslike bestaanswyse. Juis hierom is medemenslike goedkeuring en ondersteuning noodsaaklik vir suksesvolle beroepsbeoefening (Van Rensburg, 1983:31).

Die verband tussen opvoeding en beroepslewe impliseer wisselwerking tussen menslike verskynsels, naamlik opvoeding, arbeid, ontspanning of vryetydbesteding, gemeenskapsbetrokkenheid en 'n beroep. Die kind word opgevoed tot taakverrigting en juis deur opvoeding word hy bewus en bekwaam gemaak vir 'n loopbaan waaronder 'n beroepsloopbaan. Deur sy arbeid kry die mens 'n greep op die werklikheid. Sonder arbeid is geen sinvolle menslike bestaan moontlik nie. Juis omdat die mens deur opvoeding tot verantwoordelikheidsaanvaarding gelei word, openbaar hy in sy arbeid redelikheid en ook sedelikheid. Terselfdertyd is arbeid die grondslag vir die beroepskeuse wat die mens in staat stel om volwassenheid met ekonomiese en ander verantwoordelikheid te aanvaar (Joubert, 1983:16; Maree, 1988:90).

Loopbaanoriëntering is verantwoordbare hulp en steun aan die jeugdige waarop hy deur self-evaluering insig in sy eie situasie verwerf en tot verantwoordelike taakaanvaar-

ding en onder andere tot beroepsvolwassenheid kom (Cherry & Gear, 1984:27; Jacobs, 1983:34-37).

Volgens Van Zyl (1968:13) en ook Lamprecht (1989:504) sal die kind sy beroepstaak beskou soos wat hy leer om oor die lewe te dink. Om hierdie rede is hy aangewese op opvoedingshulp om tot die volwassene se wêreld van werk en gepaardgaande verantwoordelikhede toe te tree. Hierin is die opvoedingshandeling binne loopbaanoriëntering geleë (Van Rensburg, 1983:31; ook Van Zyl, 1968:5; Garbers, 1972:14).

Loopbaanoriëntering is nie 'n plotselinge gebeurtenis nie (Joubert, 1983:20), maar eerder 'n jarelange ontwikkelingsgebeure waar die jeugdige ge-oriënteer, gelei en gehelp word om deur kennis en besluitnemingsvaardighede 'n beroepskeuse te maak, tot 'n beroep toe te tree en om binne die beroep te vorder. Loopbaanoriëntering het dus opvoedkundige leiding as basis. Daarom val loopbaanoriëntering binne die taak en terrein van die skool waar die kind in die geleentheid gestel word om beroepstudie binne die opvoedingsituasie te doen. Sodoende word die perke van volwassenheid betree deur middel van verantwoordelike beroepsbeoefening en om daaraan uiting te gee (Lamprecht, 1989:503; Booysen, s.a.:12-14).

Die kind maak in die skool kennis met die wye beroepsveld om deur 'n sinvolle vak-, studierigting- en skoolkeuse 'n beroepskeuse te kan uitoefen. Dit sluit aan by sy beroepsbeeld, sy beroepsveld en beroepsrigting as voorgebeure tot sy beroepstoetrede wat hy op grond van sy outentieke persoonsmoontlikhede kies (Jacobs, 1983:37; Joubert, 1983:19; Booysen, s.a.: 16-17). Lamprecht (1989:504) wys verder daarop dat die nood aan loopbaanoriëntering groter is as ooit tevore, aangesien daar 'n toename aan onderwys- en opleidingsgeleenthede is, maar ook 'n toename in beroepsvelde, beroepsgeleenthede en beroepspesialisasie.

### 1.5.4 Die onderwyservoorligter

Die onderwyservoorligter is as opvoeder daarvoor verantwoordelik om die kind te lei tot selfontwikkeling en selfbegrip. Die kind word gelei om sy moontlikhede, maar ook sy beperkinge te besef sodat hy sy potensiaal op die liggaamlike, psigiese en geestelike terreine optimaal kan verwesenlik. Die onderwyservoorligter as opvoeder behoort die kind te lei tot kennis en begrip van die samelewingseise met betrekking tot die beroepslewe, die huwelik, burgerskap en so meer (Kruger, 1977:1; Van der Walt, 1979:90-91; Petrick, 1985:50-51).

Die onderwyservoorligter behoort die kind verder te lei en aan hom alle moontlike hulp en ondersteuning te bied sodat die kind tot selfverwerkliking kan kom en hy uiteindelik weerbaar en gelukkig sal wees. Die kind moet ook begelei word om verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar. Op hierdie wyse word die kind gelei tot groter selfdissipline en die aanvaarding van sy eie besluite (Van der Walt, 1979:91; Kruger, 1977:2; Petrick, 1985:58).

Die onderwyservoorligter moet voorts in staat wees om faktore wat die kind se optimale ontwikkeling of sy prestasiemoontlikhede kan versteur, uit te ken (Joubert, 1983: 23). Hy behoort die kind by te staan in sowel die uitskakeling as die regstelling (indien nodig) van blokkeringe (vgl. Kok, 1979:1-4).

Die onderwyservoorligter is daardie onderwyser wat verantwoordelik is vir die skool se opvoedkundige leidingprogram en by implikasie die beroepsleidingprogram. Onder die leiding van die skoolhoof, is dit die onderwyservoorligter se plig om die skool se beroepsleidingprogram te organiseer en dit in samewerking met die vakonderwysers te koördineer (Minkoff, 1987:54). Hy gee aan leerlinge individueel of in groepverband voorligting. Die onder-

wyservoorligter behoort as die spesialis in die skool se beroepsleidingprogram beskou te word. Petrick (1985:8) beskou die onderwyservoorligter as dié onderwyser wat verantwoordelik is vir inligting en steungewing aan die kind op sy weg na volwassenheid. Verskeie skrywers (onder andere Kruger (1982), Van der Walt (1979), Haasbroek (1987) en Petrick (1985)) is van mening dat die onderwyservoorligter verantwoordelik is vir die meer gespesialiseerde wetenskaplike aspekte van opvoedkundige leiding en daarom vir die beroepsleidingprogram van die skool. Die onderwyservoorligter se persoonlike hoedanighede, sy opleiding, sy samewerkingsvermoë en kwaliteite is medebepalende faktore vir sy sukses as onderwyservoorligter (Haasbroek et al., 1978:80).

Die onderwyservoorligter kan in die uitvoering van sy taak verantwoordelik gehou word vir die volgende:

(1) Die organisasie en administrasie van die skool se beroepsleidingprogram.

(2) Voorligting aan die individuele leerling om hom in staat te stel om heilsaam te ontwikkel en optimaal voordeel uit sy skoolloopbaan te trek.

(3) Sy taak behels onder meer:

* hulp aan die individuele leerling om sy vermoëns en beperkinge te ken, te begryp en te aanvaar;

* hulp aan die leerling om betekenisvolle persoonlike ideale te ontwikkel en te laat realiseer;

* hulp aan die leerling om oplossings vir sy persoonlike, sosiale, beroepskeuse, en ander probleme te vind;

* identifisering van en hulp aan die potensieel vroeë skoolverlater;

* plasing van leerlinge deur inligting te verskaf oor onder meer beroepsbeplanning, in die lig van die leerling se skolastiese vordering en sy deelname aan die skool se bedrywighede;

* verwysing van leerlinge na die opvoedkundige hulpdiens waar opvoedkundige spesialiste verbonde aan die onderwyshulpsentra en kinderleidingklinieke, gespesialiseerde hulp kan verleen;

* hulp aan onderwysers in verband met die skool se opvoedkundige leidingprogram;

* dien as skakel tussen die skool en die gemeenskap; en

* voer individuele/gesamentlike persoonlike onderhoude met ouers en/of hul kind wat een of ander probleem ervaar.

## 1.6 SAMEVATTING EN VERDERE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk is stilgestaan by die probleemstelling, die doel en metode van die ondersoek. Enkele begrippe is omskryf en bespreek.

Die historiese verloop van skoolvoorligting in die algemeen en beroepsleiding (wat na loopbaanoriëntering oorgaan) in enkele oorsese lande en die RSA oor die tydperk ongeveer 1935 tot ongeveer 1973 sal in hoofstuk 2 kursories bespreek word. Die rede hiervoor is dat gedifferensieerde onderwys eintlik eers in 1971 in die besonder in die RSA sy beslag gekry het en noodwendige koersveranderinge in die skoolvoorligtingstelsel meegebring het. Hoofstuk 2 word afgesluit

deur kortliks te let op die skoolvoorligtingsdienste in enkele oorsese lande soos Brittanje, die VSA, België en die tot onlangse Wes-Duitsland.

Bestaande beroepsleidingprogramme van die genoemde oorsese lande sowel as die provinsiale onderwysdepartemente van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, word in hoofstuk 3 bespreek. Daar word spesifiek gelet op die beroepsleidingprogram vir die sekondêre skool in Transvaal.

In hoofstuk 4 word die teoretiese fundering beredeneer. Die vereistes waaraan 'n opvoedkundig verantwoordbare beroepsleidingprogram behoort te voldoen, sal in hierdie hoofstuk aandag geniet. Daar word onder andere verwys na die aard en wese asook die noodsaaklikheid van sodanige program. Voorts sal in hoofstuk 4 ook op die doel en taak van die beroepsleidingprogram van die sekondêre skool gelet word.

Die vereistes waaraan 'n opvoedkundig verantwoordbare beroepsleidingprogram behoort te voldoen, sal in hoofstuk 5 aan die orde gestel word. Daar sal veral gelet word op die persoonspotensialiteite van die jeugdige binne die beroepsleidingsituasie. Die komponente van die beroepsleidingprogram sal ook aangespreek word, asook die invloed van buite-instansies op die skool se beroepsleidingprogram. Enkele vereistes waaraan 'n effektiewe beroepsleidingprogram behoort te voldoen, sowel as die kurrikulum vir sodanige program sal van nader beskou word.

In hoofstuk 6 sal die metode wat in die onderhawige studie gevolg is bespreek word terwyl die empiriese data in hoofstuk 7 behandel sal word. Enkele gevolgtrekkings, aanbevelings en die samevatting word in hoofstuk 8 vervat.